

Christus regeer ons in en deur genade. Hy gee aan ons die Heilige Gees as die geskenk van Kersfees

PJ Kriel

23.12.2018

Inhoud Hierdie preek wys hoe Jesus Christus die Here deur sy geboorte met Kersfees die belofte Seun is wat in Jesaja 9 aangekondig word. Die Gees van Kersfees is die Heilige Gees, nie die geestigheid van die wêreld nie. Kersfees gaan oor hoe Christus die Here word wat sy kerk deur sy Gees in genade regeer en so vir hulle Wonderbare Raadsman, Sterkte God, Ewige Vader en Vredevoers is – Hy straf hulle nooit vir enige sonde nie en gee vir hulle die liefde wat hulle nie verdien nie. Op hierdie wyse verbreek die Here die magsgreep van anargisme op gelowiges. Hulle word, is en bly mense binne 'n donker land onder die juk van die wetteloosheid van wetteloses wat getrou bly aan die reg en geregtigheid van die liefde van die Here. Die Here verbreek ook die magsgreep van die wetteloosheid van wetteloses deur hulle volgens sy wet te straf. Só is Christus die Lig vir sy kerk in 'n donker land

1. Lied 324: 1, 2, 3

Skriflesing: Jesaja 9:

*²³Maar in die land waar daar duisternis is, sal daar nie langer donkerte wees nie. In die verlede het die Here die gebiede Sebulon en Naftali verneder, maar in die toekoms sal Hy die pad na die see van Galilea toe, die Jordaanstreek en die gebied van die heidene in ere herstel. **9** Die volk wat in donkerte geleef het, het 'n groot lig gesien, oor dié wat in die donker land was, het 'n lig geskyn. ²U het dié wat nie meer 'n nasie was nie, baie gemaak, hulle blydschap groot gemaak. Hulle het hulle in u teenwoordigheid verbly soos mense bly is in die oestyd, soos hulle juig wanneer hulle die buit verdeel. ³Soos die dag toe Midian verslaan is, het U die juk verbreek wat op die volk gedruk het, die stok waarmee hulle geslaan is, waarmee hulle gedryf is. ⁴Elke soldateskoe wat in die oorlog gebruik is, en elke uniform wat met bloed beplek is, sal verbrand word, deur die vuur verteer word. ⁵Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevoers. ⁶Sy heerskappy sal uitbrei, en Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring. Hy sal op die troon van Dawid sit en oor sy koninkryk regeer. Hy sal dié koninkryk vestig en in stand hou deur reg en geregtigheid, van nou af en vir altyd. Daarvoor sal die onverdeelde trou van die Here die Almagtige sorg.*

Luk. 1:

²⁶In die sesde maand van Elisabet se swangerskap het God die engel Gabriël gestuur na 'n maagd in Nasaret, 'n dorp in Galilea. ²⁷Sy was verloof aan Josef, 'n man uit die geslag van Dawid. Die naam van die maagd was Maria. ²⁸Toe die engel by haar kom sê hy: “Ek groet jou, begenadigde! Die Here is by jou.” ²⁹Sy was verbysterd oor die woorde en het gewonder wat die begroeting tog kon beteken. ³⁰Die engel sê toe vir haar: “Moenie bang wees nie, Maria, want God bewys genade aan jou. ³¹Jy sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring, en jy moet Hom die naam Jesus gee. ³²Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word. Die Here God sal Hom die troon van sy voorvader Dawid gee, ³³en Hy sal as koning oor die nageslag van Jakob heers tot in ewigheid. Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie.” ³⁴Maar Maria sê vir die engel: “Hoe is so iets moontlik, aangesien ek nog nooit omgang met 'n man gehad het nie?” ³⁵Die engel antwoord haar: “Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek. Daarom sal die een wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God.”

Romeine 8:

¹²Daarom dan, broers, staan ons onder 'n verpligting, maar nie teenoor ons sondige natuur om daarvolgens te lewe nie. ¹³As julle julle lewe deur die sondige natuur laat beheers, gaan

Christus regeer ons in en deur genade. Hy gee aan ons die Heilige Gees as die geskenk van Kersfees

julle die dood tegemoet, maar as julle deur die Gees 'n einde maak aan julle sondige praktyke, sal julle lewe. ¹⁴*Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God.* ¹⁵*Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: "Abba!" Dit beteken Vader.* ¹⁶*Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is.* ¹⁷*En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erfgename saam met Christus. Aangesien ons deel het aan sy lyding, sal ons ook deel hê aan sy heerlikheid."*

Slot: Lied 345: 1- 4

Christus regeer ons in en deur genade. Hy gee aan ons die Heilige Gees as die geskenk van Kersfees

PJ Kriel

23.12.2018

Skriflesing: Jesaja 9:1-6; Luk. 1:26-33; Rom. 8:14-17

Teks: Lukas1:32: *“Die Here sal Hom die troon van sy voorvader Dawid gee en Hy sal as koning oor die nageslag van Jakob heers tot in ewigheid.”*

Tema: Christus regeer ons in en deur genade: Hy gee aan ons die Heilige Gees as die geskenk van Kersfees.

1. Die gees van Kersfees! In die gees van Kerstyd! Dit is die aankondigings en uitroepe wat ons vir meer as ses weke lank al in winkels en handelsadvertensies hoor.

Wat se gees is die gees van Kersfees?

Die antwoord volgens die Evangelie is: Die Heilige Gees! Die Heilige Gees is die Gees van Kerstyd.

Die oomblik wanneer ons dit hoor en sien, sien en hoor ons 'n totaal ander Gees in die Kerstyd as die geestigheid van die Kersseisoen. Die geestigheid van Kersfees is die vrolike samesyn met familie en vriende, die feestelikheid met kos en drank, die gemoedelikheid om af te wees van werksdruk en net om jouself te wees, en die opwinding van kinders wat uitsien na geskenke.

In 'n sekere sin is dit alles waar van Kersfees, en moet en kan ons dit so vrymoedig geniet. Maar in dit alles bly die vraag net: Waaroor gaan die Heilige Gees van Kersfees wat ons met al hierdie feestelikheid, gemoedelikheid, opwinding en vrolikheid vier?

Vir die kerk as gelowiges gaan die Gees van Kersfees oor die Heilige Gees van die nuwe Heerser en sy nuwe heerskappy. Dit gaan oor die Heilige Gees wat gehoorsaamheid, die aanbidding van God en diensbaarheid God en aan mense aan gelowiges as gawes skenk, net soos mens geskenke met Kersfees ontvang.

2. Dit is die aankondiging in Jesaja 9 en in Lukas 1.

Dit gaan oor die koms van die heerskappy van die Seun van Dawid; die heerskappy van vrede en voorspoed, nie omdat dit die wense en begeertes van mense vervul nie, maar omdat dit die reg en geregtigheid van die wet van God instel en handhaaf!

Hoe kan die instel en uitoefening van reg en geregtigheid deur 'n Heerser die Gees en die feestelikheid van Kersfees wees? Die fees van Heerskappy! 'n Heerser wat reg en geregtigheid instel en handhaaf! Hoe kan gehoorsaamheid van God die gees en feestelikheid van Kersfees wees?

3. Want hierdie gawe van Kersfees, die Heilige Gees, is die gawe wat die mag en krag van anargie beëindig en verbreek. Anargie is die gees, die fees van die heerskappy van die wetteloosheid van wetteloses!

Christus regeer ons in en deur genade. Hy gee aan ons die Heilige Gees as die geskenk van Kersfees

Dit is waarna die donkerte in Jesaja 9 vers 1 verwys. Die volk wat in donkerte leef, is die volk wat deur anargisme regeer en oorheers word. Dit is die gemeenskap van Israel wat vasgevang is deur 'n koningskap van wetteloosheid deur wetteloses.

Die donker land waarin die volk Israel in Jesaja se tyd leef, is 'n land waar wetteloosheid die orde van die land is: wanorde is die orde waarin hulle moet leef! Dit word vandag anargisme genoem. Anargisme is iets anders as anargie. Anargie is die poging om 'n wettige regering onregeerbaar te maak en die wet en orde wat die owerheid handhaaf, te destabiliseer.

Anargisme is wanneer anargie nie iets is teen die wet en orde van 'n regering nie, maar wanneer anargie die wys waarop die regering self besig is om te regeer. Daarom is anargisme eintlik iets wat innerlik teenstrydig is: dit is 'n owerheid wat wet en orde moet gebruik om reg en geregtigheid te laat geskied, wat die wet en orde omvergooi en onreg en ongeregtheid die doelwit van die owerheid maak. Die regering moet deur wetteloosheid onreg en ongeregtheid laat geskied.

In die tyd van Jesaja se aankondiging oor die koms van die Christus, was dit die werklike toestand van die land gewees: 'n gemeenskap wat deur anargie regeer word – wetteloses wat wetteloosheid gebruik om onreg en ongeregtheid die orde van die land te maak.

4. Ons het die afgelope jare in ons eie land se regering en die openbare gemeenskap se drif hierdie donkerte gesien en ervaar: die heerskappy van wetteloses deur wetteloosheid: anargisme! Die regering van die land wat onreg en ongeregtheid die heersende orde van die land en gemeenskap wil maak.

- Dit was die staatshoof, die kabinet en amptenare wat die rowers was en steeds is, die woord daarvoor is 'n kleptokrasie.
- Dit is die regering wat die wet en orde vernietig sodat hulle die staat kan plunder.
- Dit is die regering en amptenare wat onreg en ongeregtheid in aanstellings, bevorderings, werksgeleenthede, studiegeleenthede en vergoeding vir arbeid die heersende orde van die land gemaak het.
- Die regering maak met wette diefstal van eiendom die reg en geregtigheid van die land.

5. 'n Volk wat in donkerte leef in 'n donker land!

Die fout wat ons as gelowiges maak, is om te dink dat die skreeuende, koggelende en uitdagende massa wat skole, treine, dorpe en eiendom brand en plunder ander leiers en 'n regering wil hê. Een wat wet en orde sal terugbring en na wie hulle sal luister wanneer hy hulle aanspreek.

Maar dit is nie waar nie!

Die massa wil nie 'n ander leier hê as die leier wat self wetteloos is en self die amp en gesag waarin hy is, minag en net vir sy persoonlike begeertes gebruik nie. In die regering se wetteloosheid vier die massa hulle eie wetteloosheid.

Christus regeer ons in en deur genade. Hy gee aan ons die Heilige Gees as die geskenk van Kersfees

In hierdie feestelikheid waar niemand wat na die wet luister nie, vier leiers en onderdane saam dieselfde minagting vir God se wet:

- Dit is 'n feestelikheid van plundering teenoor die opdrag om te werk vir 'n lewe.
- Dit is 'n feestelikheid van geweld teen orde.
- Dit is 'n feestelikheid van beslaglegging op besit sonder verdienste.
- Dit is die feestelikheid van drifte, om te begeer en te vat wat ander het.

Die hartseer van Kersfeestyd is dat hierdie feestelikheid van die wetteloosheid van wetteloses het nou die feestelikheid van die Kerstyd geword! Die tyd waarin gelowiges die Lig vier wat na die wêreld gekom het, is die tyd van die fees van die donkerte!

6. Wie is die volk in die donkerte, vir wie is 'n land onder die tirannie van anargisme 'n donker land? Want vir die goddeloses is 'n land in anargie en onder anargisme 'n baie verligte land!

Dit is net vir hulle wat wil leef in

- die wysheid van reg en geregtigheid,
- die vrede van reg en geregtigheid,
- die orde van reg en geregtigheid.

'n donker land.

Kom ons hoor nou weer die Kersaankondiging: *“Vir ons is 'n Seun gebore. Aan ons is 'n Seun gegee. Hy sal heers! En Hy sal genoem word: wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevoers.”*

Die lig vir gelowiges in 'n donker land is die Christus wat as Heerser sy onderdane sy Gees gee sodat deur hierdie Gees hulle:

- Leef in die raad van die wet van God,
- Leef in gehoorsaamheid aan die wet van God,
- Leef in die vrede en diens van die wet van God.

7. U moet die direkte verband sien tussen Romeine 8:15: *“Die Gees wat ons laat roep: “Abba, Vader!””* en Jesaja 9:5: *“Hy sal genoem word Ewige Vader.”*

Die Gees van Kersfees is die Gees wat ons tot God laat roep Abba, Ewige Vader! Dit is die Gees wat die Kind wat gebore is, aan ons as Kersgeskenk gee:

Hy maak ons regverdig ons volgens sy wet. Op hierdie wyse laat Hy ons kinders van God wees wat die Vader volgens sy wil liefhet en sy wil kan gehoorsaam. Kinders wat reg en geregtigheid wil ultiem omdat hulle deur die Here self geregverdig is.

Christus regeer ons in en deur genade. Hy gee aan ons die Heilige Gees as die geskenk van Kersfees

Om ons regverdig volgens sy wet te maak, is die wysheid, die mag en die vrede van die genadeheerskappy van Jesus Christus. Dit is hoe die Seun reg en geregtigheid handhaaf, Hy maak ons só.

Hoe maak die Here ons regverdig?

In hierdie genadeheerskappy waarin Hy ons regverdig, neem Hy die straf vir ons oortredings op as sy eie straf en gee Hy sy beloning vir sy liefde vir God vir ons as ons eie liefde. Hy dra ons straf en Hy beloon ons met 'n liefde wat ons nie verdien nie. Deur ons in te sluit in wie Hy vir ons is, sal die Here ons nooit weer regeer deur straf of beloning nie. Dit is hoe arbeiders regeer word, en Paulus wys dat ons nie God se arbeiders is nie.

Christus regeer ons nou deur ons vas te hou in sy genade, liefde, goedheid, barmhartigheid en getrouheid. Dit is hoe kinders regeer word wie 'n vader het!

8. Die Heilige Gees as die Gees van Kersfees bind ons so in Christus in om alles wat Hy in ons plek onder die wet was, met ons te deel.

- Die Gees van Kersfees is nie die gees van onvervulde begeertes nie. Die gees van onvervulde begeertes is die gees van anargie in kerke en die gemeenskap!
- Die Gees van Kersfees is nie die gees van onverbondenheid nie. Dit is die gees van losbandigheid in spirituele en gewone gemeenskappe.
- Die Gees van Kersfees is ook nie die gees van opwinding nie. Dit is gees van plundering in geestelike en politieke aksies.

Die Gees van Kersfees is die Gees van liefdevolle gehoorsaamheid van kinders vir wie God die Vader hul Vader is en Hom aanroep, ! Abba Vader, ons Vader wat in die hemel is! Ek wil U as Vader gehoorsaam, as Vader dien en as Vader aanbid?

Dit is hoe Christus ons lei as ons Wonderbare Raadsman, as Magtige God, as Ewige God en as Vredevors – deur self die straf van ons sonde te dra en die beloning van gehoorsaamheid vir ons te gee, maak Hy God sy Vader ons Vader.

So lei Christus ons as Here om uit liefde vir God ons te wie aan die reg en geregtigheid van die wil van ons Vader en vervul Hy die heerskappy van reg en geregtigheid deur genade.

9. In die donkerte van 'n donker land en donker wêreld, met leiers bemagtig in en deur hulle eie wetteloosheid, met volgelingen in hulle feestelike losbandigheid – het ons 'n Heerser wat weet hoe om ons só te regeer, al het ons ook hierdie gees in ons, dat Hy ons vasbind in die liefde van God en sy wet.

Hy maak ons regverdig in Christus sodat ons onself sonder die vrees vir straf of die verwaandheid van beloning, aan die reg en geregtigheid van die wet van God kan bind!

Christus regeer ons in en deur genade. Hy gee aan ons die Heilige Gees as die geskenk van Kersfees

Gehoorsaamheid aan God se wil as dankbare liefde! So skyn die lig in 'n donker land en só word mense wat in donkerte sit, verlig! Ons word nie meegesleur in die gees van anargisme nie en ons wil nie deel word van die feestelikheid van losbandige wetteloosheid nie.

Ons is in hierdie begeesterde losbandigheid en fees van plundering, beslaglegging, geweld en onbeteuelde drif – verbind aan die geregtigheid van Christus: ons deel die straf en loon van sy wetsgehoorsaamheid en daarom wil en kan ons die wet se wysheid as lig vir ons lewe hê – in hierdie donker land!

10. Dit is die Gees van Kersfees: die Heilige Gees, die Gees van die Here, die Seun van Dawid. Hy laat in en oor ons in 'n donker wêreld tussen donker mense, in die lig van God se liefde leef!

- Die Gees van Kersfees is dat ons in 'n donker land 'n wonderbare die Here as ons Wonderbare Raadsman het. Omdat Hy ons straf dra en ons die beloning van sy liefde gee, weet ons die skuld, oordeel en vervloeking wat in hierdie donker land oor ons uitgespreek word, is nie wie ons vir God is nie, en die beloning wat Christus ons gee, kan niemand van ons roof en plunder nie. Ons ken en aanvaar ons self in hierdie land waarin ons altyd as beskuldiges en aangeklaagdes moet staan en binne die vervloeking moet leef wat mense ons toewens, as God se onskuldige en geseënde kinders! Dit is hoe ons Christus altyd volg in sy leiding deur die wet as ons Wonderbare Raadsman en in God se wet die wysheid en raad van hoe om ons as sy onskuldige en geseënde kinders verbind te bly aan die reg en geregtigheid van ons Vader se liefde. Deur die wet van God is die Here ons Wonderbare Raadsman en nie ons Regter en Sipier nie.
- Die Gees van Kersfees is dat ons in hierdie donker land kinders is van die magtige God. Ingesluit in sy liefde sal Hy deur sy mag sy raadsplan met ons lewe volgens sy beskikking uitvoer. Deur die donkerte van ons eie sonde het God die raadsplan ontwerp en uitgevoer dat Hy ons ten spyte van ons eie sonde sy geliefde kinders maak. Daarom leef ons as sy kinders in die raadsplan wat Hy in sy Almag vir ons beskik wie en wat ons vir Hom in hierdie donkerland moet wees. Ons leef nie in die donker mag van hulle wie ons wys dat ons magteloos uitgelewer is aan hulle moord en plundergees nie. Ons leef in die beskikking van ons Here, wat die magtige God is! In hierdie geborgenheid bly ons deur al ons lyding en verliese in hierdie donker land sy kinders wat verbind bly tot die reg en geregtigheid van sy liefde.
- Die Gees van Kersfees is dat ons in hierdie donker land God die Vader as ons ewige Vader het. Daarom leef ons nie in die versugting na goddelike vaderfigure, geestelike vaders en voorvaders wat ons oorheers en uitbuit terwyl ons glo in hulle sorg en liefde nie. Omdat ons in die ewige liefde van God leef sal ons nooit soos vaderlose kinders die mag van ons oorheersers glo as ons redding nie. Ons bly verbind tot die reg en geregtigheid van ons Ewige Vader, en verbind ons nooit tot die magsdrif van vaderfigure nie.
- Die Gees van Kersfees is dat ons in hierdie donker land in die vrede van ons Vredevors leef. In die vrede dat die Here ons nooit straf vir enige sonde nie en

Christus regeer ons in en deur genade. Hy gee aan ons die Heilige Gees as die geskenk van Kersfees

ons altyd beloon vir wat ons nie gedoen het nie, kan ons nooit ons naaste straf vir hulle sonde teenoor ons of hulle beloon vir hulle liefde vir ons nie. Ons leef in die vrede dat ons die reg en geregtigheid van liefde teenoor mekaar uitleef omdat dit die vrede is waarin die Here ons laat leef. Daarom kan in hierdie donker land ons nooit ons naaste se vyande word nie, en kan ons ook nooit ons vyande se vyande word nie.

Christus is ons Here wat ons in sy Lig in hierdie donker land laat leef deur die Heilige Gees wat Hy as Kersgees aan ons gee.

11. Die Gees van Kersfees is nie die Gees van oorgawe aan die mag van wetteloses se wetteloosheid nie. Deur vir ons die Lig te wees in 'n donker land beteken nie dat die Here hierdie land aan die wetteloses oorgegee het nie.

Hy wat vir ons Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader en Vredevoors is, is die Here oor die konings van die aarde. In Jesaja word hierdie wêreldheerskappy van Christus as Here só aangekondig: *“³Soos die dag toe Midian verslaan is, het U die juk verbreek wat op die volk gedruk het, die stok waarmee hulle geslaan is, waarmee hulle gedryf is. ⁴Elke soldateskoen wat in die oorlog gebruik is, en elke uniform wat met bloed bevlek is, sal verbrand word, deur die vuur verteer word”*.

Christus as Here verbreek die juk van wetteloosheid, die stok waarmee ons geslaan word en waarmee ons aangedryf word om die mag van wetteloses te aanvaar as ons lot! Dit is nie só dat die Here ons in sy liefde laat leef, net om uitgelewer te wees aan 'n wettelose wêreld waarin Hy as Here niks doen nie en niks kan doen nie. Hy maak ons deel van die reg en geregtigheid van sy liefde deur ons nie te straf vir ons sonde nie en ons te beloon vir 'n gehoorsaamheid wat ons nie self geleef het nie, maar Christus regeer die donker wêreld deur hulle volgens sy wet te straf en te beloon, en vernietig so die mag van wetteloses. God self is en bly die vyande van die wetteloses en verbreek die juk van hulle wetteloosheid.

Ons mag nie so verdruk wees dat ons die heerskappy van Jesus Christus as Here nie meer in hierdie donker land kan raaksien nie.

Wat doen die Here met 'n leier wat homself as God sien en homself bokant God se wet stel om 'n hele land en nasie se bates te roof en te plunder asof dit sy geboortereg is? Die Here maak hom iemand wat aanhoudend in die hof pleitverduidelikings moet gee om nie tronk toe te gaan nie.

Kan u nog die heerskappy van die Here hierin raaksien? Hy is die Here oor alle magshebbers en Hy sal hulle tot verantwoording bring deur sy wet met straf vir misdade en beloning vir goeie dade.

Waar is die amptenare wat hul posisies gebruik het om nie dienaars te wees nie maar rowers? Hulle hardloop nou soos hase na gate om ondergronds te leef. Wie jaag hulle oor die vlaktes van hierdie land? Nie ons party, ons kerk, ons burgerlike instellings nie! Dit is die Here wat hulle soos hase jag want hulle het sy wet verbreek en Hom geminag asof Hy nie sien, hoor, praat en doen wat Hy as Here doen nie.

Christus regeer ons in en deur genade. Hy gee aan ons die Heilige Gees as die geskenk van Kersfees

Sien u dit nog raak? Ons mag nooit so in die pyn van verlies en skade vasgevang word dat ons nie meer die Here se mag sien waarmee Hy Here is en die juk van wetteloosheid van die wetteloses oor ons verbreek nie. Dit is die Here wat hierdie stok waarmee hulle ons slaan en aandryf verbreek.

Dieselfde Here wat ons as sy kinders nie vir ons sondes straf nie en ons met die liefde beloon wat ons nooit kan verdien nie. Hierdie is die Gees van Kersfees, die Heilige Gees waardeur die Here Jesus Christus ons as sy kerk en kinders regeer!

Kom ons ontvang van die Here hierdie Gees en leef in hierdie Gees van Kersfees – die Heilige Gees! Die Here sal vir ons die Lig wees in hierdie donker land sodat ons die volk sal wees oor wie Hy sy Lig in hierdie donkerte laat skyn.